# ENKELE OPMERKINGS OOR OBJEKTIEWE KERKGESKIEDSKRYWING

Die feit dat dit nodig is om aandag te gee aan die fundamentele beginsels wat aan die kerkgeskiedskrywing ten grondslag lê, word nie altyd genoegsaam besef nie. Die gevolg is dat daar rondom hierdie teologiese vak van tyd tot tyd nogal stof opgewaai het. Dit gebeur dan gewoonlik wanneer 'n geskiedenis van die Kerk of van 'n kerk geskrywe moet word of geskrywe is. Dan blyk dit dat daar sterk uiteenlopende

---

19) Emil Brunner, o.c., p. 7.

menings oor die taak, opdrag en metodiek van hierdie teologiese vak bestaan. Hierdie probleme het byvoorbeeld weer opgeduik toe daar deur verteenwoordigers van die drie Afrikaanse kerke besprekings gevoer is oor die moontlikheid om saam 'n handboek vir die kerkgeskiedenis op te stel wat dan gebruik kan word by die Godsdiensonderrig op die Transvaalse hoërskole. Veral op die terrein van die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedenis loop die menings nogal gou uiteen. Die gebeure en die geskiedenis van die kerk in die jare 1853, 1854, 1859, 1865 en 1885 — om maar 'n paar punte te noem wat veral in die Transvaalse kerkgeskiedenis vir die Afrikaner van belang is — word sterk uiteenlopend verklaar, beoordeel en beskrywe. Dit terwyl die bronnemateriaal waarop 'n kerkgeskiedenis gebou moet word, vir almal min of meer gelykelik toeganklik is. Die vraag ontstaan nou of 'n handboek wat 'n objektiewe geskiedenis van die Kerk — en daarom ook van die drie Afrikaanse kerke — is, binne die grense van die moontlike of bereikbare lê. Dit dan in dié sin bedoel dat dit 'n kerkgeskiedenis is wat vir aldrie Afrikaanse kerke aanvaarbaar sou wees. Hierdie vraag wat saamhang met die vraag na die objektiwiteit, is nie alleen besonder interessant nie maar ook van aktuele belang.

Wat onder *objektiwiteit* verstaan moet word, is nie sonder meer uitgemaak nie. Objektiewe kerkgeskiedskrywing sou beteken dat dit gaan om die feite, dit wat werklik gebeur het en dan die optekening en beskikbaarstelling van al die feite. Verder sou dit beteken dat die feite nie uit verband geruk sal word nie, nie skeefgetrek sal word nie en dergelike meer sodat dit enersyds 'n korrekte beskrywing sal wees van 'n besondere gebeurtenis soos dit werklik gebeur het in die verlede. Daarby sal dit dan ook duidelik moet word watter betekenis dié besondere gebeure in die verband van die groter geheel van die geskiedenis besit. Daarom sal objektiwiteit in die eerste plek beteken: wetenskaplikheid, eerlikheid en dergelike meer.

Aan die ander kant is geskiedenis en geskiedskrywing egter méér as net 'n kroniek van gebeurtenisse wat in die verlede plaasgevind het. Immers in 'n kroniek word die feite prakties verbandloos en sonder waardering langs mekaar geplaas en is daar nie veel meer verband tussen die feite as tussen los korrels sand nie. Geskiedenis en geskiedskrywing veronderstel egter iets meer as dit, dit veronderstel 'n verband, 'n samehang nie alleen van die gebeure in die verlede nie, maar ook 'n samehang met die hede en met die mens van die hede.

As dit so is, dan is dit meteens ook duidelik dat geskiedskrywing ook bepaal word deur die voorveronderstellings van die geskiedskrywer. Want die samehang van die gebeure in die verlede, die betekenis daarvan asook die samehang met die hede word nie alleen bepaal deur die historiese feite self nie maar ook deur die verstaan en waardering van die feite deur die geskiedskrywer. Hier blyk dit dat die objektiwiteit tog weer verbonde is aan die subjektiwiteit van die geskiedskrywer. Soos Plessner dit stel: Objektiv sein heisst offen sein für das Für und Wider, aber es bildet sich kein Für und Wider ohne These, ohne ein Bild, oder eine Idee von Zusammenhängen"[1]

[1]) H. Plessner, *Zum Gegenwärtigen Stand der Frage nach der Objektivität Historischer Erkenntnis*, artikel in *Geschiedenis*, Assen 1944, blz. 287.

Dit beteken dat netsoos daar geen enkele menslike wetenskap sonder vooroordele van die beoefenaar van dié wetenskap is nie, netso kan ons dit ook nie op die terrein van die geskiedenis of die kerkgeskiedenis verwag nie[2]. Dan aanvaar ons as vanselfsprekend dat die geskiedskrywer aan die eise van die primêre objektiwiteit sal voldoen naamlik om noulettend die feite eerlik en opreg na te vors en te versamel. Maar wanneer die samehang van die feite beskrywe moet word, sal die voorveronderstellings van die geskiedskrywer onherroeplik 'n rol begin speel en daarom sal die resultate van die wetenskaplike arbeid ook verskil. Hoewel 'n historikus uit die empiriese skool, soos byvoorbeeld Leopold von Ranke en 'n historikus uit die pragmatiese skool soos J. L. Mosheim oor dieselfde feitemateriaal beskik, is hulle geskiedskrywing nie dieselfde nie. So word die objektiwiteit in die geskiedskrywing afhanklik van die subjektiewe tese, beeld of idee van die geskiedskrywer en die waardeoordeel oor 'n stuk geskiedskrywing sal in dieselfde mate saamhang met die voorveronderstellings van die kritikus[3]. Dit wil voorkom asof aanvaar sal moet word dat die voorveronderstelling van die geskiedskrywer sal saamhang met die sin of betekenis wat hy aan die geskiedenis toeken. En wat die sin van die geskiedenis is, word dan ook op talle verskillende maniere uitgelê en verstaan, hoewel sinds die 18e en 19e eeu die geskiedenis gewoonlik gesien word in die lig van die kontinuïteit, die kausaliteit of die relatiwiteit[4].

Hoewel dit ook van die kerkgeskiedenis gesê kan word, moet in gedagte gehou word dat dit in die kerkgeskiedenis tog om iets anders gaan as die beskrywing van die ontplooiing van die lewenswerklikheid van die mens, waar die sin van die geskiedenis — die voorveronderstellings en oordeelsmaatstawwe — uit die geskiedenis self afgelees word. Dit wil gladnie sê nie dat daarmee 'n prinsipiële skeiding tussen kerk en wêreld bepleit word soos Luther gedoen het wat alleen belangstelling vir die *historia sacra* gehad het en die *historia ethnica* heeltemal verwaarloos het. Maar die kerkgeskiedenis het *die Kerk* as sy navorsingsobjek — en dan moet die Kerk hier nie verstaan word as alleen maar nog 'n menslike en menslik-bepaalde vereniging, soos enige ander wat in die geskiedenis verskyn het en wat nou die belangstellings en navorsingsobjek van 'n aantal geskiedskrywers is nie.

Die begrip *Kerk* moet nie verstaan word as 'n begrip wat in die eerste plek ruimtelik bepaalbaar is nie, want dit is primêr 'n inhoudelike begrip. Inhoudelik beteken *Kerk* daardie gemeenskap, daardie groep mense in die verlede en die hede wat rondom Jesus Christus, die Seun van God, wat een maal op aarde verskyn het, geskaar is, daardie mense wat Jesus Christus as Hoof en Heer en Verlosser glo en aanvaar[5]. Vir die Kerk self beteken Jesus Christus dat God, die Ewige, Hom geopenbaar het deur in die geskiedenis in te daal. Hierdie indaling van God in die geskiedenis in die historiese figuur van Jesus van Nasaret, is nie net 'n

[2]) T. N. Hanekom, *Ons Vaderlandse Kerkgeskiedskrywing*, artikel in N.G. *Teologiese Tydskrif*, Kaapstad 1960, Dl. I No. 3, bls. 3.
[3]) Z. W. Sneller, *De Zin der Geschiedenis*, artikel in *De Zin der Geschiedenis*, Wageningen 1944, blz. 21.
[4]) H. Berkhof, *Christus, de Zin der Geschiedenis*, Nijkerk 1958, blz. 182.
[5]) Vgl. *Nederlandse Geloofsbelydenis*, art. 27. Vgl. ook H. Zimmerman, *Ecclesia als Objekt der Historiographie*, Wien 1960, S. 7 ff.

historiese gebeurtenis van min of meer gewone betekenis nie maar, dit is vir die Kerk van grondliggende betekenis. Want vanweë hierdie indaling van God in die geskiedenis, vanweë die Kruis en Opstanding en Hemelvaart van Jesus Christus is geskiedenis werklik moontlik. Immers die geskiedenis is nie uit homself nie, maar as menslike geskiedenis rus dit in Gods versoening in Jesus Christus. So bely die Kerk en so is Jesus Christus die dragende middelpunt van die geskiedenis[6] en vanweë hierdie middelpunt in die geskiedenis is daar geskiedenis as 'n deurlopende gang van 'n begin na 'n einde toe[7]. Want die gang van die geskiedenis is van die eerste begin in die skepping betrokke op die komende Christus en vanaf die koms van Christus loop die geskiedenis deur na die einde, die laaste dag, wanneer Jesus Christus terugkeer na hierdie aarde. Enersyds omdat die Kruis op die aarde gestaan het, vanuit die éénmalige van die versoening in Jesus Christus, verdra God die wêreld en is die geskiedenis moontlik. Andersyds spaar God die wêreld en laat die mensegeskiedenis voortgaan terwille van die verbreiding van die Evangelie oor die ganse wêreld[8]. So is die middelpunt, Jesus Christus, tewens ook die einde van die geskiedenis[9].

In die geskiedenis staan nou die Kerk met as sy middelpunt ook Jesus Christus, die Hoof en Heer van die Kerk om wie die Kerk versamel is. En die Kerk self het ook 'n geskiedenis. As 'n gemeenskap rondom Jesus Christus leef hierdie gemeenskap in die wêreld met en onder die Woord van God en leef in en sien die wêreldgeskiedenis en sy eie geskiedenis vanuit die eenmalige van die *reconciliatio et remissio peccatorum.*

Van hieruit kan dit begin duidelik word waarom die kerkgeskiedskrywing 'n eie bepaalde karakter het. Dit byk onmiddelik al uit die eerste kerkgeskiedenis wat deur die Reformasie voortgebring is en wat geskryf is vanuit hierdie reformatoriese visie. Dit is die *Historia Ecclesiae Christi* wat hoofsaaklik geskrywe is deur die Lutheraan Matthias Flacius en wat in die jare 1559 tot 1574 te Basel gepubliseer is. Hoewel dié werkstuk enigermate mank gaan aan 'n subjektiewe en selektiewe hantering van bronnemateriaal, is die werk tog baanbrekend. Want anders as die kerkhistoriografiese werk van P. Melanchton, word die kerkgeskiedenis beskrywe vanuit die Kerk en die sin van die bestaan en voortbestaan van die Kerk gesien vanuit die sentrale middepunt van die Kerk[10].

Hiermee moet dit wel duidelik wees dat die kerkgeskiedskrywing, netsoos alle ander geskiedskrywing, nie sonder voorveronderstelling is nie, dat dit gedra en bepaal word deur 'n bepaalde visie naamlik dit wat die sentrum van die Kerk is — Jesus Christus en die heilsgeskiedenis. Daarom is die kerkgeskiedenis ook wat sy aanbieding, sy taak en doel betref so sterk didakties bepaal. Dit hang op sy beurt weer saam met die

[6]) H. Berkhof, *a.w.*, blz. 59 asook 61 vg.
[7]) E. Emmen, *De Geschiedeniswaardeering der Reformatie*, artikel in *Geschiedenis*, Assen 1944, blz. 113.
[8]) Vgl. II Petrus 3:4–13.
[9]) Vgl. M. H. Bolkestein, *De Geschiedenisphilosophie van enkele hedendaagsche nietdialektische theologen*, artikel in *Geschiedenis*, Assen 1944, blz. 238–239.
[10]) E. Emmen, *a.w.*, blz. 99. Vgl. ook H. Butterfield, *Christianity and History*, London 1954, p. 22 wat stel: When we have reconstructed the whole of mundane history it does not form a self-explanatory system, and our attitude to it, . . ., is a larger affair altogether — it is a matter not of scholarship but of religion.

feit dat die kerkgeskiedenis as teologiese vak sy oorsprong in die kategese van die Kerk het. Tog is die kerkgeskiedenis een van die jonger onderdele van die kerklike kategese. Hoewel Augustinus (354–430) al gestel het dat 'n *narratio* van die heils-geskiedenis tot in die kontemporêre tyd noodsaaklik is, het dit geen direkte poging tot geskiedskrywing vanuit dié visie tot gevolg gehad nie. In die Middeleeue is van die kerkgeskiedenis alleen as illustratiewe stof en as bron van legendes gebruik gemaak by die kategese. Die Reformatore het ook geen besondere belangstelling vir die kerkgeskiedenis as sodanig gehad nie. By hulle is die kerkgeskiedenis 'n vakgebied sonder 'n selfstandige bestaan wat hulpdiens aan die sistematiese teologiese vakke moet verleen[11]. Eers in die agtiende eeu ontstaan die kerkgeskiedenis in die meer moderne sin van die woord terwyl dit in die negentiende eeu sy eerste groot ontwikkelingsgang beleef. Vandag is dit byna vanselfsprekend dat die kerkgeskiedenis deel van die kerklike kategese is.

As die kerkgeskiedenis as teologiese vak gesien en verstaan word as 'n vak wat uit die kerklike kategese gegroei het en sy verband daarmee nimmer verloor het nie, word dit duidelik dat daar 'n groot verskil tussen geskiedenis en kerkgeskiedenis sal wees. Die geskiedenis as opvoeding, onderwys en skoling van die mens tot verantwoordelike deelgenootskap aan die maatskappy waarin hy geplaas is, is wesenlik besig met die oordrag van kultuurgoedere aan die opvolgende geslag[12]. Hoewel hierdie element ook 'n rol in die kerkgeskiedenis vervul, kry dit in die kerkgeskiedenis, omdat dit vir die kerk nie primêr om die kultuur gaan nie, 'n beslis ondergeskikte rol. Immers die taak en doel van die kerkgeskiedenis word medebepaal deur die feit dat dit 'n deel is van die arbeid wat die Kerk in en ten behoewe van die wêreld verrig en waardeur die Kerk hom in die volgende generasie voortplant. Of miskien moet dit so gestel word dat wanneer in 'n opvolgende geslag die gemeenskap met Jesus Christus, die Heer, deur die Heilige Gees voortgaan en die Kerk as 'n gemeenskap van mense wat aan Jesus Christus en aan mekaar verbonde is, voortbestaan, dat die kategese van die Kerk dan inderdaad sy doel bereik het[13].

Die rigting waarin die kerkgeskiedenis sal beweeg, sal daarom gedeeltelik bepaal word deur die doel wat die kategese homself stel. Verskillende moontlikhede bestaan inderdaad waarvan drie genoem kan word.

As die kerkgeskiedenis kerygmaties gesien word, sal dit beteken dat slegs bepaalde periodes uit die kerkgeskiedenis behandel word aangesien nie alle periodes van die kerkgeskiedens hiervoor aanpasbaar gemaak kan word ne.

Word die kerkgeskiedenis suiwer as 'n opvoedingsmedium gesien, dit wil sê in 'n kategese wat anthroposentries bepaald is, sal die sogenaamde „groot figure" uit die kerkgeskiedenis behandel word en as navolgenswaardige voorbeelde aangeprys word.

Ten derde kan die kerkgeskiedenis in die kategese behandel word om daarmee enersyds die sin van die geskiedenis toe te lig en andersyds om 'n

[11]) E. Emmen, *a.w.*, blz. 96 asook 106 vg; H. Zimmerman, *a.a.O.*, S. 68.
[12]) J. Huizinga, *Cultuurhistorische Verkenningen*, Haarlem 1929, blz. 166–167.
[13]) S. F. H. J. Berkelbach van der Sprenkel, *Catechetiek*, Nijkerk 1956, blz. 5 vg.

verantwoorde deelname aan die lewe van die Kerk by die kategesante te kweek. Alleen in hierdie laaste geval sal die geheel van die kerkgeskiedenis onder oë gesien word sodat 'n totaalbeeld van die kerkgeskiedenis van sy middelpunt na sy einde toe, verkry kan word. Dit wil my voorkom asof hierdie kategetiese standpunt ook die enigste voorveronderstelling van die wetenskaplike beoefening van die kerkgeskiedenis kan wees [14]).

Vanuit die gegewens wat onder oë gesien is, wil dit voorkom dat die kerkgeskiedenis as wetenskaplike, teologiese vak — en daarom ook die kerkgeskiedskrywing — uiteraard 'n baie sterk didaktiese karakter dra. Dat daar egter 'n duidelike verskil gehandhaaf moet word tussen didaktiese en apologetiese kerkgeskiedskrywing hoef geen verdere betoog nie. Terselfdertyd moet waardeer word dat die didaktiek sal kan oorslaan na die apologetiek én dat die didaktiese kerkgeskiedskrywing as apologeties bestempel sal kan word. Tog mag die gevare wat hier bestaan, nié beteken dat die didaktiese aard van die kerkgeskiedenis verwaarloos moet word nie. As die didaktiese karakter van die kerkgeskiedenis benadruk word, word daarmee juis rekening gehou met die visie van die apostel Paulus. In sy eerste brief aan die Korinthiërs[13]), gee hy 'n oorsig van die gang van dien geskiedenis van die volk Israel en kom dan tot dié rigtinggéwende gevolgtrekking:

> „Maar al hierdie dinge het hulle oorgekom as voorbeelde, en is opgeskrywe as 'n waarskuwing aan ons op wie die eindes van die eeue gekom het."

Die sin van die didaktiek hier is dus die duidelik-maak wat die sin van die geskiedenis is. Sodra dit gestel word, kom die teologiese perspektief sterk na vore. Omdat die wederkoms van Jesus Christus, wat vasstaan omdat Jesus Christus gekom het, omdat die einde van die geskiedenis naby is, gaan dit in die kerkgeskiedenis met sy reguit, deurlopende, horisontale lyn tog ook om die vertikale lyn, om die heilsgeskiedenis. Want die heilsgeskiedenis is en bly die dragende middelpunt van die kerkgeskiedenis én van alle geskiedenis. Dit gaan in die kerkgeskiedenis juis hierom dat die kerkgeskiedenis óók aan die mens van die hede sal duidelik maak, dat hy dit kan weet en kan glo, dat alleen deur die middelpunt van die geskiedenis, Jesus Christus, is dit moontlik om die sin van die geskiedenis te begryp vir sover dit begrypbaar is, om die toekoms onbevrees tegemoet te gaan en om in die hede sinvol te lewe.

Hierdie teologiese — dit wil sê: deur die geloof bepaalde — voorveronderstelling mag aan die kerkgeskiedskrywing nié ontbreek nie, wil dit sy bestaan as teologiese vak regverdig. Dat die kerkgeskiedskrywing as gevolg hiervan aan kritiek sal blootstaan van die kant van diegene wat hierdie voorveronderstelling nie deel nie, spreek vanself. Buitendien bestaan die moontlikheid nog steeds dat die kerkgeskiedskrywing vanuit 'n ander voorveronderstelling of tese of idee benader sal word, soos inderdaad die geval ook al was en is. Objektief in dié sin dat die geskiedskrywer 'n belangelose optekenaar van die historiese verlede van die Kerk is sonder dat hy erns maak met die dragende, bepalende middelpunt van die

[14]) Dit is moontlik om meerdere moontlikhede te noem, maar met hierdie drie sal hier hier volstaan word.

[15]) I. Kor. 10:1–13.

Kerk, kan die kerkgeskiedskrywer egter ook nie wees nie wil hy 'n *kerk*-geskiedenis skrywe.

In die tweede plek omdat dit vir die kerkgeskiedenis as didaktiese vak gaan om die voortplant van die Kerk in die volgende generasie, sal veel ook afhang van watter inhoud aan die begrip *Kerk* toegeken word. Dus weer die voorveronderstelling! Volgens Kuyper beteken Kerk die kerk as instituut op aarde[16] terwyl *Kerk* óók opgeneem kan word in die sin wat die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 27 daaraan toeken. In dié sin kan mens die woord van Calvyn siteer dat dit in die geskiedenis nié soseer gaan om die figuur van die Kerk nie as om die Heilige Gees. Hiér moet ons 'n oomblik daarop wys dat omdat die kerkgeskiedenis so nou met die kategese verbonde is, die wesenlike gevaar bestaan dat die begrip *Kerk* hier begrens sal word tot die spesifieke kerk waaraan die kerkgeskiedskrywer behoort. Dat die objektiwiteit — die voorveronderstelling dus — van die kerkgeskiedskrywing in so 'n geval aanvegbaar is, hoef nouliks gestel te word[17]. Andersyds is dit juis hier én vanweë die aard van die kerkgeskiedskrywing dat die grootste probleme ondervind sal word. Want nadat artikel 27 van die Nederlandse Geloofsbelydenis die begrip *Kerk* omskrywe het, word dan in artikel 29 gehandel oor die onderskeid en merktekens van die ware en die valse kerk. Dit beteken dat 'n protestantse kerkhistorikus wat vanuit die perspektief van artikel 27 en 29 skrywe en 'n roomse kerkhistorikus wat beide met dieselfde noulettende ywer, sorg en objektiwiteit die beskikbare historiese bronne nagegaan het, tog tot 'n totaal verskillende voorstelling van die Konsilie van Trente sal kom. Dieselfde geval sal ons in ons land aantref wanneer 'n Hervormde en 'n Gereformeerderde kerkhistorikus die jaar 1859 in die geskiedenis van die Transvaalse Kerk gaan beskrywe. Dit is juis hierdie dilemma — die kwessie van die perspektief — wat in die Suid-Afrikaanse kerkgeskiedskrywing telkens weer opduik wanneer in die vakgebied „Suid-Afrikaanse of Vaderlandse Kerkgeskiedenis" die geskiedenis van een van die drie Afrikaanse kerke behandel word. Dit is miskien ook die rede dat daar nog steeds geen werklike *Suid-Afrikaanse* kerkgeskiedenis geskrywe is nie.

Die vraag na die objektiwiteit word dus hier nie soseer die vraag na die nakoming van die eise wat die wetenskaplike geskiedskrywing buitendien stel nie[18], maar dit word die vraag na die voorveronderstellinge. Dan moet verder daarmee rekening gehou word dat in die kerkgeskiedenis die voorveronderstelling nie bepaal word deur 'n immanente faktor in die geskiedenis self nie, maar deur die transendente faktor—Jesus Christus, die Hoof en Heer van die Kerk, die bepalende in die Kerk, die dragende middelpunt en die finale einde van die geskiedenis. Dit beteken dat die teologiese gesigspunt waarsonder die kerkgeskiedskrywer nie 'n *kerk*-geskiedenis kan skrywe nie, met méér duidelikheid, met meer helderheid omlyn moet word

[16]) T. N. Hanekom, *a.w.*, bls. 3.
[17]) Vgl. hieroor bv. T. N. Hanekom, *a.w.*, bls. 4 vg.
[18]) Die stelling van T. N. Hanekom, *a.w.*, bls. 9: „ons navorsing op kerkhistoriese gebied is baie gebrekkig en die voorstelling van die verloop van ons kerkgeskiedenis baie eensydig," is hoewel dit 'n baie duidelike uitspraak is, nié sonder waarheid nie. Hier kan ook verwys word na H. Butterfield, *l.c.*, p. 46 Amongst historians, as in other fields, the blindest of the blind are those who are unable to examine their own presuppositions, and blithely imagine therefore that they do not possess any.

sodat die objektiwiteit van die kerkgeskiedenis kan toeneem. Feitlik bring dit mee dat daar tog nog verdere besinning en navorsing gedoen sal moet word nie net oor die historiese materiaal nie maar óók van die kerkregtelike en dogmatiese vraagstukke wat lê rondom die datums 1853, 1854, 1859, 1865 en 1885 wat in die Afrikaanse kerkgeskiedenis van Transvaal soveel belang het. Immers die gebeure van daardie jare kan selfs deur die kerkgeskiedskrywer nie volledig behandel word as hy nie in hierdie geval die kerkreg en dogmatiek as hulp daarby neem nie. Want alleen daardeur sal die kerkgeskiedenis as didaktiese vak wat met die vertikale lyn rekening hou, tot volledige ontplooiing kom.

Tenslotte moet nog 'n oomblik teruggekom word op die vraag wat aan die begin gestel is: Kan 'n handboek, wat 'n objektiewe geskiedenis van die Kerk in Suid-Afrika is, só geskrywe word dat dit vir aldrie Afrikaanse kerke aanvaarbaar is Op suiwer teoretiese vlak behoort dit, nieteenstaande alles wat hierbo gestel is, moontlik te wees want aldrie Afrikaanse kerke het *dieselfde* grondliggende beginsels nl. die Heilige Skrif en ondergeskik daaraan die Belydenisskrifte as die norm vir die leer, inrigting en lewe van die Kerk. Met ander woorde die teologiese gesigspunt, die belangrikste voorveronderstelling sal waarskynlik dieselfde kan wees. Daarby sal daar seker ook geen stryd wees oor die eis dat die wetenskaplike norme nagekom moet word nie. Maar omdat die kerkgeskiedenis so 'n sterk didaktiese trek besit — 'n erfenis en 'n perspektief wat dit het vanweë die noue verbinding van dié vak aan die kategese van die Kerk — dcarom sal dit in die praktyk op vele probleme bly stuit. Tog sal *die probleem* 'n uitdaging bly om 'n kerkgeskiedenis te skrywe wat 'n beskrywing sal wees van die ontplooiing van die Goddelike raad, 'n kerkgeskiedenis wat 'n beskrywing sal wees van *die Kerk* terwyl dit volledig rekening hou met die transendente, Jesus Christus, die Hoof van die Kerk en die Heer van die wêreld en sy geskiedenis.

A. D. Pont